

# OESTYD

3de kwartaal 2018

Geagte Broer en Suster,

Dankie aan elkeen wat finansieël bydra tot uitreik deur sending deur getrou hul Geloofsoffer-beloofte na te kom. Indien u koeverte vir u Geloofbeloofte-offer benodig, kry asseblief by die mobiele inligtingstoonbank by die suidoostelike deur van die kerkgebou. Bydraes kan ook elektronies inbetaal word in die Sendingrekkening – ABSA Bank, Rek nr 4049133874.

## **Corne du Plooy skryf uit Frankryk**

E-pos 13 Junie 2018

Goeie dag aan almal,

Ons kom stadig maar seker aan d einde vd skooljaar (6 Julie - baie kinders gaan vanaf d 29ste Junie nie meer skool toe nie). Dit is nogal 'n bedrywige tyd. Twee weke gelede het ons ons Algemene Sinode gehad waartydens die aksent op die jongmensbediening gerig was (Kyk op Youtube Unepref vir videos wat deur d jongmense tydens verskillende kampe gemaak is). Die tema vd sinode was die oordrag van ons geloofswaardes.

Ons het ons laaste Alpha-opvolgaand ook gehad en ons moet nou dink wat ons vanaf September gaan doen.

Eerskomende Saterdag hou ons "'n laat-Valentynsaand en ete" by d kerk. Ek gaan 'n bietjie deel rondom "Behandel haar soos kar" en "Behandel hom soos'n poedel".

Ons het 'n spesiale erediens om d skooljaar af te sluit d 1ste Julie.

Verskillende ouer gemeentelede het gesondheidsprobleme. Philippe, d man v een v ons kerkraadslede, is met 'n tongkanker gediagnoseer. Hy's in sy laat vyftigerjare. Bid asb vir hom en sy gesin.

Ons het tans 5 huisgroepe, waarvan ek 3 lei. Ons wandel deur d boek Handelinge vanuit 'n getuienisshoek. Baie interessant, veral die manier hoe Petrus, byvoorbeeld, die Evangelie aanbied en aansluitingspunte by sy hoorders vind.

Ons moet ook 'n nuwe voorsitter vir ons diakonale aksie kry en verskeie projekte word beplan, maar sonder 'n leier is dit moeilik. Bid asb hiervoor.

Sophie het heelwat probleme met haar tandinplantings (ek dink dit is d regte woord) wat na 9mde oorgedoen moet word . Sy sal vier operasies moet ondergaan - oa moet 'n deel v haar kakebeen opgebou word.

Claire het vandag (Woensdag) haar mondelinge eksamen gehad en d skriftelike eksamen einde Junie. Verder gaan Thomas en Claire volgende week die hele week op 'n skooluitstappie en hulle gaan ook einde Julie begin Augustus op 'n Frans/Engelse kamp. Gelukkig help 'n vriend ons met d kampgelde (600€ vir een week per kind - sonder d vervoer). Sebastien wil niks doen nie ! Bietjie moeilik. Lucie wil, soos haar suster, gimnastiek doen.

Op d oomblik het ons 'n baie nat reënerige Lente.

## **MOSAMBIEKSENDING** **Andries & Sunette Schwartz**

E-pos: 6 Junie 2018

Die meeste van julle is bewus van die Islamietiese ekstremistiese bedrywighede in Cabo Delgado - ons provinsie. Die groep het die afgelope weke al nader aan ons omgewing beweeg en is verantwoordelik vir baie hartseer, chaos en verlies. Maandagnag het hulle 'n dorp in ons distrik aangeval; 7 mense doodgemaak en 164 huise afgebrand en kosvoorrade en ander eindom vernietig. Dit is in die hart van die gebied waar ons so paar weke gelede met radioklubs begin het. 'n Week voor hierdie aanval het hulle so 25km suid van Palma 10 mense se kele afgesny - o.a. kinders wat hulle toevallig raak geloop het. Die groep het opgedeel in kleiner eenhede en val onverwags teikens oor 'n wye gebied aan.

Baie dorpies staan leeg nadat inwoners gevlug het. Selfs plekkies net buite Macomia dorp. Die mense lewe in vrees en kan nie meer vrylik na hulle landerye toe gaan nie ..... en dit is tyd om die rys te oes. Honderde families, wat reeds sukkel om te oorleef, het omtrent alles verloor. Die mielie-oes hier, was hierdie jaar ook 'n mislukking. Baie mense stroom na die groter dorpe toe. Party sit gestrand oppad iewers heen. Daar is so baie vrees en ontwrigting.

Ons is self baie geisoleer (buite die dorp geleë) en slaap natuurlik ook glad nie meer te vas in die nag nie. Twee van ons personeellede wat op pad was na 'n ander distrik suid van ons is deur die polisie gevang en in die tronk gegooi bloot omdat hulle twee jong manne uit ander areas op reis was. Ons glo dat ons steeds hier, op die berg, moet wees en hou die situasie dop.

Ons, persoonlik en radio, is nie seker wat ons rol in al hierdie nood moet wees nie.

Bid asseblief saam met ons vir vrede en herstel in hierdie gebied. 'n Goddelik-liefdevolle oplossing.

E-pos: 13 Junie 2018

Ons is waarlik versterk deur julle ondersteunende woorde en gebede; baie dankie! Verskeie van julle het gebid dat die leiergroep ontbloot moet word, en twee dae terug het een vd gevangenes

oopgemaak en ‘n paar name is genoem. Van die manne is van Tanzanie, maar o.a. twee van ons dorp – Macomia. Een persoon is gister in hechtenis geneem.

Ons is maar terdeë daarvan bewus dat hierdie nie ‘n stryd teen vlees en bloed is nie, maar teen die bose magte in die lug en ervaar ook dat dit ‘n geleentheid is om God se koningkryk in hierdie gebied te laat aanbreek. Ons kyk met verwagting uit na ‘n ‘groot’ oes.

Dit is moeilik om ‘n realistiese beeld oor die stand van sake in ons omgewing aan julle te gee. Daar is nog elke dag ‘n aanval op ‘n plekkie in ons provinsie, maar die intensiteit daarvan is baie minder. Wat dit verder bemoeilik is dat verskillende groepe ‘n verwarrende beeld geskep het deur o.a. gebeure wat oor ‘n langer tydperk plaasgevind het en oor ‘n wye gebied te konsentreer op hulle eie situasie. Daar is ook natuurlik baie onwaarhede in die publieke media in omloop.

Met ons personeel se sel-byeenkoms, verlede donderdag, het ons gevoel dat ons graag ons solidariteit in liefde met die slagoffers van die week se geweld wil toon. Radio Nuru is ‘n gemeenskap-stasie en ons het baie getroue M@slem luisteraars. Dit skep ‘n oop deur vir die evangelie wat ons nie graag wil verloor nie.

Na ‘n paar dae van spook om ‘n afspraak te kry, het ons vanoggend ‘n goeie gesprek met die Administradora (distrikshoof) oor veskeie sake van ons bediening gehad. Sy self is ‘n moslem, maar is baie ondersteunend vir die bediening van Radio Nuru. Een van die sake was huis oor hoe om hulp van ons kant af aan die slagoffers van hierdie geweld te voorsien. Dit is natuurlik ‘n baie sensitiewe situasie. Wat dit nog moeiliker maak is dat daar baie stories in die omloop oor die betrokkenheid van ‘blankes’ by die aanvalle is. Ons sal, in samewerking met die plaaslike regering, DV ondersteuning bied.

Vrydag herdenk die volgelinge van Muhammed die einde van hulle vastyd met die fees Ide’ en almal is besig met hulle voorbereidings. Ons het dit daarom goedgedink om die dorpie waar 164 huise afgebrand is, en waar baie mense die meeste van hulle aardse besittings verloor het, volgende week te gaan besoek. Ons sal dan ook kos en dinge soos potte aan hulle skenk. Bid saam met ons vir hierdie proses.

Ons het ook besluit om ons dissipelskap reeks te onderbreek en 5 programme in al die plaaslike tale, met die tema ‘God is liefde’ uit te saai. Dit is meestal ‘n reeks wat ons 16 maande gelede met vrug uitgesaai het. Ons doen dit so sensitief as moontlik.

- Onthou Efesiërs 6:12. Hier het die afgelope eeuve soveel onskuldige boed gevloei. Bid daarom dat die ‘reg’ wat die bose oor mense hier bekom het op grond van Jesus, die Messias, se sondeoffer ontneem mag word.
- Bid vir die beskerming en bekragtiging van God se arbeiders in hierdie gebied - die Koti sendelinge, die plaaslike leiers, buitelandese sendelinge en elke evangelis.
- Bid dat die Vader wagters op die mure sal plaas wat gereeld sal intree. Ons kyk met groot verwagting uit na ‘n nuwe tyd wat voorlê.

Ek sluit af met ‘n “Woord” wat ons met gebedstyd vroeër vanaand ontvang het. En God het gesê: “Laat daar lig wees!” Bid en glo dat God se lig mag skyn oor die hele situasie hier. Weereens, baie dankie.

# **LAUDIUM Outreach Group (LOG)**

## **Laudium Family Fun Day 23 June 2018 - Report-back**

It was an event which, I believe, definitely had - and in future will continue to have positive consequences for eternity.

The procedures which we had to adhere to in organizing the event, was overwhelming, ranging from the hiring of the stadium, obtaining permission from the Tshwane Municipal Events Planning Department, having the necessary Police, Private Security and Ambulance Services present, compiling disaster management and evacuation plans, and many others.

The explicit purpose of the day was in order to create an opportunity to share Jesus Christ with people - young and old - and we were greatly encouraged to see so many children attending.

Members from the “Christian Motorcycle Association” and the “Christian Ministries Moreleta”, added “colour” to the event by doing a motorcycle cavalcade through the streets of Laudium, to mark the commencement of the program at the stadium.

On their return from the cavalcade, the “motorcyclists” joined Frana on the field, as he and the children jointly participated in a presentation of “The Living Ball” – which is explaining the Gospel of Jesus, by using a soccer ball decorated in the colours of the South African flag.

After this, “the field was open”. Those who wanted to play soccer, could do so, and those who wanted to go for a ride-along on one of the motorbikes – those who were physically young, as well as those who were “young at heart”, were free to do so as well.

And as for the smaller kids, “face-painting” was done by members of the “Operation Mobilization” team, while Rosie arranged a real “kiddies-party”, with picture-colouring, drawing, etc. for the very-young ones.

At the same time free cooldrinks as well as “wors-rolls” and hot-dogs were served throughout the day – about 2000 meals in total!

And if you would like to know where the finances had come from – well, all I can say is that God has opened the hearts of individuals and Church Committees to contribute towards this cause – which, to a great extent, filled us with awe at His greatness and provision.

Thank you to everyone who had assisted, financially and otherwise, in making this outreach endeavour such a great success. To God be all the glory!

**Ds Leon Tait vertel oor**

# **SENDING SONDER GRENSE**

([www.mwb-sa.org](http://www.mwb-sa.org))

Groot dank aan almal wat so getrou vir hierdie bedieningswerk bid. Vanjaar is die 10de jaar wat ek by Sending Sonder Grense betrokke is. Op Sondae wanneer ek nie by Rietfontein-Suid preek nie, preek ek by Afrikaanse gemeentes namens SSG, doen 'n aanbieding oor SSG se werk en werf so borge vir arm kinders/families in die oud-Oosbloklande.

Dit bly 'n voorreg om op hierdie manier 'n verskil te maak en ook ander (veral NG) Kerklidmate die geleentheid daartoe te gee. Kinders kan nie hulself versorg nie en het volwassenes se hulp en omgee nodig.

**Indien u meer wil weet of wil betrokke raak deur bv 'n kind te borg, of u wil hê dat ek by u omgeegroep of bv 'n groep by u werk meer moet kom vertel en wys van hierdie werk wat Sending Sonder Grense doen, is u meer as welkom om my te kontak.**

Hier volg 'n bietjie inligting/terugvoering oor van die werk wat SSG doen (gaan besoek gerus [www.mwb-sa.org](http://www.mwb-sa.org) vir nog verhale van hoop):

## **A CAMP FOR THE ELDERLY IN DURRES, ALBANIA**

We often associate **Mission Without Borders' (MWB) summer camps** solely with children running around in the sun with laughter on their faces. But in summer in Durres, Albania, a **different summer camp** took place.

**60 elderly people in need**, who regularly go to the soup kitchen in Berat and the church in Durres, visited Durres for a break. Elderly in Albania receive little support from state social services, which cannot cover or provide for many of their basic needs. If you are poor and elderly in Albania you are often discriminated against, with no one to turn and no one who cares.

**Mission Without Borders aim is to fill that gap and give them hope and a little joy in their old age.**

**So, on this camp, the elderly enjoyed fellowship together.** They enjoyed walks on the beach in the morning and evening, and the men, we are told, then liked to play board games and the women shared their problems with one another and enjoyed a cup of tea. Our Albanian team also provided them with emotional and spiritual support throughout the week through Bible readings, prayer and morning devotions.

**Each day they also learnt and discussed the following topics together:**

Day 1: How to face old age better-having as referral the Bible verse from Ephesians 2:4

Day 2: Our duties as parents and grandparents-Bible verse for this day from 2 Timothy 1:5

Day 3: How to respect the lives of our children-Bible verse for the day from Proverbs 4:18

Day 4: How not to provoke anger in our children-Bible verse from Proverbs 22:6

Day 5: The best heritage we can leave to our children is love, care, time, experience and faith in God with the Bible verse for referral from Proverbs 8:34.

**Each night they also watched a Christian film together** before heading off to rest and sleep in the hotel.

**Kadrie is one of 60 elderly beneficiaries** who have taken part in a summer camp

"**For the first time in years, I feel I can breathe**". I became a widow when I was young and have always had health issues with my lungs," Kadrie says. "I have never been able to afford a holiday and I have never been able to think of myself as there have always other bigger priorities.

So, coming here is wonderful. I am enjoying my stay in this hotel very much. There is lots of green space and we are only five minutes' walk from the beach. For the first time in years, I feel I can breathe normally.

We all love each other's company and we can feel the presence of the Holy Spirit in every moment. I do not know how to **thank the sponsors and workers of Mission Without Borders**. The only thing I can do is pray for them and ask God to bless them as much as they have blessed us."

## **Navrae aangaande sendelinge**

Indien u enige navrae het oor die Sendelinge wat deur u en ons Gemeente ondersteun word, kontak die volgende persone wat met spesifieke sendelinge kontak behou:

Ds Corné du Plooy  
Sending Sonder Grense  
Koerde/Olive Shoot

Ds Leon Tait  
082 601 4235

Ds Hannes Peens (Limpopo)

Elsa van Eck  
082 468 0722

Mosambiek

Carl de Beer  
083 443 9256

Gebedsketting  
Laudium

Alet Briers  
012-331 1311

Sendinggroete in Christus, **Sending (as deel van die nuwe Diensgetuienisbediening)**  
NG Gemeente Rietfontein-Suid, 16e Laan 615 Tel. 012-331 3531 (Kerkkantoor)

As gevolg van hoë posgeld stuur ons nie meer kwitansies, van inbetalings by sending, outomaties uit nie. Indien u 'n kwitansie van u inbetinging verlang los 'n boodskap by die kerk kantoor of sms 0834439256, en ons stuur vir u 'n kwitansie.

By voorbaat dank, Sending taakspan